PAASSONDAG 2007
8 April 2007, Ds Freddie Schoeman

Ons kom nou aan die einde van die Markus-verhaal. Dis nou al 'n hele ruk dat ons ons wêreld vir 'n wyle verlaat en in die verhaal wêreld van Markus inklim en daar saam met Jesus en sy dissipels leef.

Eers was dit net Jesus: ons was saam met Hom toe Hy gedoop is, ons was saam met Hom in die woestyn, en ons was saam met Hom toe Hy sy eerste woorde gepreek het: *Die tyd het aangebreek, die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie*.

Ons was ook by gewees toe Jesus sy eerste dissipels geroep het, eers vir Simon en sy broer Andreas en toe ook die twee seuns van Sebedeus, Johannes en Jakobus. Almal van hulle was vissermanne. Later het Jesus ook 'n tollenaar geroep, Levi. (Nog later het nog sewe dissipels geroep sodat daar in totaal twaalf was.) Saam met Jesus en hierdie dissipels van Hom het ons saam met sondaars en tollenaars geëet – hieroor was die Fariseërs en die Skrifgeleerdes baie vies.

Hulle was vies ook 'n hele klomp ander dinge ook gewees. Jesus het nie by hulle reëls gehou nie: Hy het die Sabbatdag verontagsaam, Hy het 'n man met 'n gebreklike hand op die Sabbat in die sinagoge gesond gemaak, Hy het ook hulle reinigingsrituele verontagsaam en gesê reinheid het niks te doen met uiterlike nie maar met die innerlike. Hy het ook mense sonde vergewe tot ontsteltenis van die Fariseërs want hoe kan Hy iets doen wat net God kan doen?

Oor al hierdie dinge het die Fariseërs en die skrifgeleerdes vroeg al reeds 'n plan gesoek om Jesus dood te maak.

Verder het Jesus bose geeste uitgedryf en mense gesond gemaak. Die bose geeste het almal Jesus herken as die Seun van God – maar nie die dissipels nie. Die dissipels het met baie dinge gesukkel – en hulle tree op baie plekke soos kinders op. Waarskynlik was nie een van hulle ouer as twintig jaar nie en die meeste maar so om en by 14/15.

Hulle sukkel om Jesus te verstaan. Baie maal verwag Jesus van hulle dinge wat hulle nie kan doen nie. Waar moes hulle nou skielik kos kry vir so baie mense? Hoe moet hulle weet wie van al die hordes rondom Hom het sy kleed aangeraak? Hulle word uitgeskel as kleingelowiges toe hulle bang was in 'n storm op see. Jesus noem hulle 'traag van begrip' omdat hulle sukkel om van die dinge wat Hy sê te verstaan.

Die grootste misverstand ontstaan toe Jesus na Jerusalem toe begin reis het. Hulle was heel bo in Palestina in die dorpies by Sesarea-Filippi. Jesus het baie duidelik gesê wat met Hom gaan gebeur in Jerusalem. Die dissipels was egter ten spyte van alles konstant onder die indruk dat Jesus na Jerusalem toe reis om daar die koninkryk van Israel weer te herstel!

Elke keer as Jesus gepraat het van doodgaan, was die dissipels se gedagtes net op heerskappy en glorie en eer en belangrikheid. Die eerste keer berispe Petrus vir Jesus. Die tweede keer stry die dissipels oor wie die belangrikste is. (Hulle stry oor kabinetsposisies in die nuwe regering.) Na die derde keer kom Jakobus en Johannes en hulle wil aan Jesus se linker- en regterkant sit! En dit 'n paar kilometer buite Jerusalem!

Toe Jesus triomfantelik Jerusalem binnegery kom kon die skare en die dissipels skaars hulle opgewondenheid wegsteek. Die tyd is nou!, het hulle gedink. Die afgelope week het ons baie intens saam met die dissipels geleef. Ons het gesien hoe hulle reageer toe hulle gekonfronteer word met die realiteit van die kruis. Een van hulle verraai Jesus. Nog een verloën Jesus. 'n Klompie raak aan die slaap terwyl Jesus hulle ondersteuning nodig het. Almal van hulle laat Jesus in die steek en hardloop eindelik weg.

Slegs die vroue het gebly tot die einde toe. Maria Magdalene, Maria die moeder van Jakobus, en Salome word by naam genoem. En dit is ook hulle drie wat op die Sondagoggend na die graf toe is.

Wat het hulle daar gaan maak? Hulle net nie Jesus se uitspraak dat Hy op die derde dag weer sou opstaan ernstig opgeneem nie. Hulle is nie na die graf toe om te gaan kyk of Hy opgestaan het soos Hy gesê het nie. Hulle doel was om onaangename, maar belangrike taak te gaan verrig.

Begrafnispraktyke van destyds het vereis dat 'n hele klomp mense nog in dieselfde graf begrawe sou word. Omtrent 'n jaar na die dood, is die beendere van die oorledene dan 'n beenderekis (ossuary) geplaas en herbegrawe. Maar intussen, om sovêr as moontlik die reuk van lyke wat ontbind te probeer verdryf was dit noodsaaklik om die lyke te behandel met reukolies. En dit is waarvoor die drie vroue vroeg die oggend graf toe gaan. Dus, 'n onaangename, maar noodsaaklike taak.

Hulle grootste probleem was die klip voor die graf. Dit was swaar en moeilik om te skuif. Maar toe hulle daar kom, groot was hulle

verassing toe hulle sien dat die klip weggerol is. Toe hulle binnegaan, sien hulle die engel wat vir hulle sê: Moenie skrik nie! Hy is uit die dood opgewek. Gaan vertel vir die dissipels.

Die vrouens het presies die teenoorgestelde gereageer as wat die engele gesê het: hulle het geskrik en het gebewe van angs en weggehardloop. En hulle het vir niemand iets vertel nie.

En dis waar die evangelie eindig. Dis nie 'n baie bevredigende einde nie, is dit?

Baie mense het probeer om 'n beter einde te skryf. Sien voetnota en 9-20.

Het Markus dit so bedoel om sy evangelie so stomp af te eindig? Ek dink so, ja. Die rede daarvoor is om ons as lesers uit te dag om die verhaal met ons lewens te voltooi. Dis asof hy vir ons sê: julle het nou die pad saam met die dissipels geloop, julle het Jesus leer ken, julle het gesien wat die einde van daardie pad is en wat dissipelskap alles behels. Julle het die reaksie van die dissipels gesien en nou ook die reaksie van die vroue – nou, wat is jou reaksie?

Op hierdie Paassondagoggend word ek en u gekonfronteer met hierdie besluit waarvoor die verteller van die Markus-evangelie ons plaas. Is ons bereid om volgelinge van Jesus te wees – met alles wat dit behels?